Droomswendelaar

Kind van die somer - wat kan ek jou bied
'n Paar maanligdrome - 'n sprokie, 'n lied
Die wêreld as woning - die veld as 'n bed
Want dit, dit is al wat ek het

Vra jy net vriendskap net een wat verstaan
Of droom jy van liefde wat nooit sal vergaan
Dan loop ons paaie hier uitmekaar
want ek is 'n droomswendelaar

Miskien sal jy nog eendag verstaan
Wie weet - miskien

Die goue kastele geskep deur jou hand
sal een-een verbrokkel want kyk, dis net sand
Elkeen verloor mos maar wat hy vergaar
Maar ek bly 'n droomswendelaar
Ek bly 'n droomswendelaar

Sprokie vir 'n stadskind

As die reën van stof en roet verby is en die rook verdwyn
Sal daar in die sterrelose hemel 'n neonboog verskyn
En kyk maar goed want as jy hom vind
vertel ek vir jou 'n sprokie my kind
Van 'n skatkis met ou kettings gebind
aan die neonboog se punt

Volg hom elke nag oor swart riviere - oor kranse van beton
As jy aanhou stap tienduisend ure - sal jy dalk daar kom
Maar hier moet jy jou nimmer laat bind
Want, so lui die ou ou sprokie my kind
As jy geluk en vrede wil vind
Soek die neonboog se punt

Volg hom elke nag oor swart riviere - kyk nie eenmaal om
Dalk vind jy die land van blou saffiere en dalk 'n brokkie son.

Najaarsdroom

Nog 'n najaar in die vreemde met my drome sonder tal
En ek weet die winter kom weer met sy sneeu wat ewig val
Ek ken die Reinlandnagte, die Alpe met sy sneeu
Die Swartwoud se geheime en die liedjie van 'n meeu

Maar hier buite sterf die somer en ek sien die blare val
En iewers skyn die somerson op die velde van Transvaal
En êrens dreun die branders aan die strande van Natal

Ek sit som en ek luister of ek dalk in die wind
die Vrystaat en die Boland se stemme terug kan vind
Ek ken die Spaanse nagte, die Alpe met sy sneeu
Ou Amsterdam se gragte en die liedjie van 'n meeu

Maar hier buite sterf die somer en ek sien die blare val
En iewers skyn die somerson op die velde van Transvaal
En êrens dreun die branders aan die strande van Natal

Érens dreun die branders aan die strande van Natal

Onder die Suiderkruis

Onder die Suiderkruis - sien ek een môre vroeg
Newelig 'n berg verrys - hoog bo die boot se boeg
Ek het te veel geswerf - soekend van land tot land
Wysheid wat ek wou verwerf was eintlik maar vlak byderhand
Onder die Suiderkruis agter die newels van mis
kronkel 'n vriendelike kus
Weet ek oplaas wie ek is

Onder die Suiderkruis sal ek die spore vind
wat my die pad sal wys - terug na die heel begin
As ek maar net kon weet : Vloei die Oranje breed ?
Probeer die berg van die Draak
Nog plek plek die sneeuwolke raak
Onder die Suiderkruis agter die newels van mis
kronkel 'n vriendelike kus Weet ek oplaas wie ek is

Onder die Suiderkruis sal ek weer vrede maak
met hierdie smag na reis en elke droom versaak
Ek het te veel gesien en tog so min vermag
Dalk het jy wie weet, miskien, deur al die jare bly wag
Onder die Suiderkruis agter die newels van mis
kronkel 'n vriendelike kus Weet ek oplaas wie ek is

Pretoria Jakarandastad

Pretoria Jakarandastad dis weer Oktobermaand
Miskien is dit die rede dat ek so verlang vanaand
Want hoeveel jare het jy nie my lief en leed gedeel
En stil geluister wanneer ek my ou kitaar bespeel
Doe doe doe doe .....
Stil geluister wanneer ek my ou kitaar bespeel

Pretoria Jakarandastad waar ek so graag alleen
straat op en af geslenter het in die lentereën
Waar meisies lank na middernag nog deur die vensters loer
en dromend luister na die lied van elke troebadoer
Doe doe doe doe .....
Dromend luister na die lied van elke troebadoer

Pretoria Jakarandastad die tyd gaan gou verby
En daardie jare lê soos ylblou berge agter my
Maar steeds is ek die troebadoer wat almal wil vertel
van jou ou Jakarandastad met sang en snarespel
Doe doe doe doe .....
Jou ou Jakarandastad met sang en snarespel
Doe doe doe doe .....
Jou ou Jakarandastad met sang en snarespel

Skimme

Daar is skimme op donker balkonne
Met leë oop koffers wat wag
Daar is skimme op skemerperronne
Wat wag op 'n trein na die nag
    Weerlose, weerlose mense - op reis van perron na perron
    In 'n middernagland sonder grense of tyd
    En 'n ewigheid ver van die son - van die son
    En 'n ewigheid ver van die son

Daar is skimme gewikkel in jasse
Verskans teen die winde van ys
Daar is skimme met kiste soos tasse
Vol drome gepak vir die reis
    Weerlose, weerlose mense - op reis van perron na perron
    In 'n middernagland sonder grense of tyd
    En 'n ewigheid ver van die son - van die son
    En 'n ewigheid ver van die son

Molberge

Jou naam besing verlore ou fonteine
en tower beelde van oases langs die pad
Maar ver al wys die torings van die myne :
Jou skoonheid lê veel dieper in die hart – en ek onthou
Op 'n manier was daar maar net dieselfde vrede
Dié neig mos om te woon net waar hy wil
En daal ek af in skagte na benede, die verlede,
word die rammelende ratte langsaam stil

En die dreuning in jou buik skud snags die mure
en bring flitse van blou blitse in 'n skag
Waar mans soos molle in diep droom-ure
goud breek uit die brandkluis van die nag - en ek onthou
Ek onthou nog soms die misreën in Augustus
Uit die newelige berge van die mol
Die gelatenheid van mense wat gerus is, maar bewus is
hierlangs is die wêreld halfpad hol

Daar was legendes van die vreemdste avonture –
diep diep in die mensgemaakte berg
En saans, in grotte om die bendevure
het die ligspel teen grou wande als verdwerg - en ek onthou
Daar was 'n huis met 'n kombuis en greinhouttafel
en ses mense het gedeel in lief en leed
En mettertyd het alles uitgerafel
Maar wat die leed was het ek jare terug vergeet

Maar ek onthou en delf nog goud uit die verlede
Uit die newelige berge van die mol
En droom en bou al vreet die vrees my vrede
En al is my eie wêreld halfpad hol
En droom en bou al vreet die vrees die vrede
Want die wêreld is maar oral halfpad hol - en ek onthou

Op die pad na Nooitgedacht

Op 'n donker aand diep in Juliemaand op die pad na Nooitgedact
Waar drie rotse staan teen die sekelmaan het ek lank gewag die nag
Want 'n skurk van ouds het 'n sak vol goud daar begrawe langs die pad
En elke donker aand met die sekelmaan kom hy terug en soek sy skat

In die verte hoor ek vier hoewe soos 'n hartpols diep in die nag
Dis of die duiwel hom jaag want die maan sit al laag op die pad na Nooitgedacht
Dis of die duiwel hom jaag want die maan sit al laag op die pad na Nooitgedacht

By die spookklippe naby Nooitgedact so het die mense my vertel
Kan geen man dit waar op 'n donker nag - Hy begeef hom in die hel
Maar ek het vas gestaan en gesê ek gaan - Man alleen een donker nag.
Ek het myself gestaal en my perd laat haal maar ek het só iets nooit verwag

Want die vuurvonke spat uit sy hoewe en tien vlamtonge speel in die nag
En die ruiter lê plat want sy perd ken die pad na die skat van Nooitgedact
En die ruiter lê plat want sy perd ken die pad na die skat van Nooitgedact

Ek het te veel gesien en ek dog miskien is die beste plek die huis.
Want ek ken gevaar maar ek trap onklaar en ek wens ek was al tuis
Maar die huis is ver en die môrester hang spookagtig oor die veld.
Dis geen plek vir my ek wil liewer ry - Gee die kêrel maar sy geld

Maar die hoefslae dreun in my ore en 'n skim skiet stil uit sy saal
En die vuurvonke spat soos hy grou langs die pad want hy kom om sy skatte te haal

Maar die burgers gun hom geen rus nie - Soos 'n veldbrand kom hulle aan
En die Mauservuur dreun en die looddruppels reën en ek dog die einde breek aan
Maar twee kole gloei in sy oë - Met een haal is hy weer in die saal
En sy perd ploeg die lug in sy ylingse vlug want hy weet die dood kom hom haal
En sy perd ploeg die lug in sy ylingse vlug want hy weet die dood kom hom haal

Op 'n donker aand diep in Juniemaand op die pad na Nooitgedact
Waar drie rotse staan teen die sekelmaan het ek lank bly lê die nag
En ek weet geen een sal my glo nie
Dit klink alles so gek in die dag

Maar wees elkeen wat lag eenmaal daar in die nag op die pad na Nooitgedacht
Wees elkeen wat lag eenmaal daar in die nag op die pad na Nooitgedacht

Swerwers

Jy wat jou op die wysheid roem
Wie sou jy die swerwer noem ?
Die een wat sonder afskeid ry
of sy wat eensaam agterbly
of wie ?

Wie sou die ware swerwer wees
Die een wat reis, die een wat lees
Die enkeling op sy slentergang
of elkeen wat na iets verlang
of wie ?

Wie sou die ware swerwer wees
Die een te voet, die een in gees
Die een wat deur die ver land stryk
of hy wat deur die rookmis kyk
of wie ?

Jy wat jou op die wysheid roem
Wie sou jy die swerwer noem ?
Die een met tas en reisbiljet
of elkeen wat nog drome het
of wie ?

Kinders van die wind

Ek ken 'n ou ou liedjie van lewenswel en -wee
Van lank vergane skepe in die kelder van die see

Die woorde is vergete en tog, die deuntjie draal
Soos vaag onthoude grepies uit 'n baie ou verhaal

Van swerwers sonder rigting
Van soekers wat nooit vind
En eindelik was almal maar net kinders van die wind

Gesigte, drome, name is deur die wind verwaai
En waarheen al die woorde is sou net 'n kind kon raai

Swerwers sonder rigting
Soekers wat nooit vind
En eindelik was almal maar kinders van die wind

Edelwyn

Die droë stok waar helder wingerdblare
gelaaf deur die genade van die reën.
Die son se warm troos vloei deur sy are
en son en reën word in die druif weer één

In hom dra hy die rykheid van die grond,
die deernis van die reën, die gulheid van die son.

En hy bewaar die lig van ouer dae in donker vate
Want hy ken die pyn
En eers as jy gebreek is en gelouter
word jy volmaak, helder, edelwyn

As almal ver is

As almal ver is word die hart skielik oud
As die wêreld 'n ster is - afsydig en koud
Smee die gordyne 'n komplot teen die lig
Krimp die kosyne en deure sluit dig
    As almal ver is vind jy jouself
    waar jy in laaie in stil hartkamers delf
    As almal ver is vind jy jou siel
    weerloos en eensaam soos 'n vrou voor 'n spieël

As daar geeneen is, sit jy als op die skaal
Want jy weet wat geleen is word eindelik gehaal
Dan kom die waarheid en besweer elke leuen
Skenk jou weer klaarheid en laat jou alleen
    As almal ver is vind jy jouself
    waar jy in laaie in stil hartkamers delf
    As almal ver is vind jy jou siel
    weerloos en eensaam soos 'n vrou voor 'n spieël

Gebed

Laat my nooit die grond verlaat nie
Laat my in U skadu bly
Gee dat elke aardse vreugde en vrees
eindelik nietig word vir my
Elke afdraaipaadjie ken ek
Elke keer het ek gedwaal
Elke keer het U my iewers kom haal
Maak dit Here, die laaste maal

Elke dag is 'n gedagte
Elke kamer net gehuur
Elke aarse droom van rykdom en roem
Bloot net 'n skadu teen die muur
Want wat ek is is net genade
Wat ek het is net geleen
Eintlik smag ek na U waters van rus
Lei my Heer, vanaand daarheen

Splinterruit

My oë is 'n splinterruit
wat bly weerkaats al kyk ek uit
en ewebeelde dwaal verby
maar dra onwetend iets van my
    Maar ek kan sing as ander vlug
    voor werwelwind en bliksemlug
    want deur die krake in die nag
    sien ek 'n helder nuwe dag

Die oë is 'n splinterruit
Dus moet jy leer om skerp te kyk
Wie meen jy's blind doen onbewus
dit wat presies wys wat hy is
    Maar ek kan sien as sieners tas
    na iets wat is en altyd was
    Want hoor die reën en wind praat saam
    en in die kranse dreun 'n naam

My oë is 'n splinterruit
wat bly weerkaats al kyk ek uit
en skewe beelde hink verby
en word onwetend deel van my
    Maar ek sal klim en hoër beur
    Selfs doringtakke gryp en skeur
    Want op die berg se ruwe rug
    is môre ver maar reeds in sig
    Want op die berg se ruwe rug
    is môre ver maar reeds in sig